

GEKLEURDES EN PRETORIA SE SYPAADJIES 1900—1925

Dr. F.J. Nöthling

Senior lektor, Departement Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika

Gedurende die eerste kwart van hierdie eeu kon alle Gekleurdes nie vrylik van Pretoria se sypaadjies gebruik maak nie. Dit was in ooreenstemming met die wense van die meeste Blanke Pretorianers en die verbod het eers in 1925, toe die regering geweier het om hierdie vorm van segregasie verder toe te laat, verdwyn. Die vraag wat dadelik opduik, is waarom teenkanting hier so sterk was terwyl ander plaaslike owerhede 'n veel groter bereidwilligheid geopenbaar het om ten minste die ontwikkelde Gekleurdes op sypaadjies toe te laat.

DIE REPUBLIKEINSE VERBOD

Die dorpsregulasies wat in 1857 vir Pretoria-Philadelphia opgestel is, het geen beperkings op Gekleurdes vir die gebruik van sypaadjies gelê nie. Net so het die algemene dorpsregulasies wat in 1858 vir die Zuid-Afrikaanse Republiek geproklameer is, Gekleurdes op die sypaadjies toegelaat. Eers ná die Britse teruggawe van Transvaal in 1884, toe Kleurlinge en Indiërs toegang tot die staat verkry het, het die toedrag van sake in Pretoria verander deurdat die stadsbestuur Gekleurdes in 1886 die gebruik van die sypaadjies verbied het.¹ Die algemene republikeinse dorpsregulasies is in 1890 in ooreenstemming hiermee gebring.² Die regulasies is egter eers na die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog gepubliseer en dit was met die Britse besetting van Pretoria in Junie 1900 nog van krag.³

VERANDERING GEDURENDE DIE TWEDE VRYHEIDSOORLOG

'n Aantal Pretoriase Indiërs het gedurende 1901 beswaar gemaak teen die behandeling wat hulle van die Britse militêre owerheid ontvang het en die sypaadjieverbod in die besonder genoem. Hulle was ontnugter omdat die nuwe owerheid die republikeinse beperkings gehandhaaf het. Sommige het dan ook teen die verbod in van die sypaadjies gebruik gemaak en is daarvoor beboet.⁴

Die militêre owerheid het besef dat hierdie ontevredenheid gelei het tot die onrustigheid en agitاسie onder Gekleurdes, en gerespekteerde Indiërs is derhalwe van April 1901 af op die sypaadjies toegelaat. Die toegewing was 'n erkenning van die aansien en respek waarop ontwikkelde Indiërs, vermoedelik almal Moslems, volgens die Britse owerheid aanspraak kon maak.⁵ Al voorwaarde was dat hulle optrede nie "conspicuous" of "offensive" moes wees nie.⁶

Wat die ander Gekleurde groepe betref, het die polisie opdrag ontvang om te onderskei tussen diegene wat die sypaadjies vir sake-doelindes of in die uitvoering van hulle daaglikse pligte betree het, en dié wat bloot daarop rondgeloop of in groepe daarop vergader het.⁷ Teen die einde van 1902 het onsekerheid opgeduik of die houers van "letters of exemption" en Kleurlinge wat hulle ingevolge die *Coloured People's Registration Ordinance* van 1902 laat registreer het, die sypaadjies kon gebruik. "Letters of exemption" is ingevolge die *Coloured Persons Exemption (or relief) Proclamation* van 1901 aan Swartes

wat Westerse lewenstandaarde gehandhaaf het, uitgereik. Dit het hulle van die paswette vrygestel. Die dokument wat ingevolge Ordonnansie 28 uitgereik is, het gekoolde Swart en Kleurlingambagslui wat onder kontrak of onafhanklik gewerk het, vrystelling van die paswette gegee.⁸

Afgesien daarvan dat slegs een Pretoriase Swarte oor 'n "letter of exemption" beskik het, het nie 'n enkele Kleurling vir die gebruik van Pretoria se sypaadjies gekwalifiseer nie. Die regering wou daarom nie die Kleurlinge op die sypaadjies toelaat nie, maar Swartes met "letters of exemption" kon dit wel gebruik.⁹ Gedurende 1903 het die Kleurlinge druk op die regering begin uitoefen om hierdie beperking op te hef. Dit wou

J.J.N. CLOETE, Die ontstaan en ontwikkeling van die munisipale bestuur en administrasie van Pretoria tot 1910, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 23(1), 1960, pp.26,249 en 251—252.

2. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TA), Regulaties voor de dorpen in de Zuid-Afrikaanse Republiek, zijnde wijzigingen en aanvullingen van de regulaties opgetrokken in 1858 en bekrachtigd by E.V.R.B. art. 77, dd. 12.5.1890.
3. *Staats Courant der Zuid-Afrikaansche Republiek*, 25.10.1899. TA, Secretary for Native Affairs (SNA), korrespondensielêer NA 46/01: M.C. Camroodeen and others — Commissioner for Native Affairs, 20.4.1901; kyk ook Memorandum for the Commissioner for Native Affairs referring to a petition dated 20.4.1901 from Indian traders to the Secretary of State. TA, SNA, korrespondensielêer NA 46/01: Memorandum for the Commissioner for Native Affairs referring to a petition dated 20.4.1901 from Indian traders to the Secretary of State; Memorandum for His Excellency the High Commissioner (Despatch No. 177 of 26.7.1901 from the Secretary of State).
6. TA, SNA, korrespondensielêer NA 46/01: Memorandum by Commissioner for Native Affairs and Asiatics on Indian Question and Asiatics, 19.3.1902.
7. TA, SNA, korrespondensielêer NA 2676/02: Officer in command of Native Police and Locations — Commissioner of Police, 11.10.1901.
8. TA, SNA korrespondensielêer NA 2676/02: Secretary Native Affairs — Commissioner of Police Johannesburg, 9.12.1902; korrespondensielêer, NA 2556/02: Memorandum by sir Godfrey Lagden on Ordinance 18 of 8.10.1902; Native Commissioner Pretoria and Heidelberg — Secretary Native Affairs, 10.12.1902; Secretary Native Affairs — Native Commissioner Pretoria, 18.12.1902; D. DENOON, *A grand illusion. The failure of imperial policy in the Transvaal Colony during the period of reconstruction, 1900—1905*, (Londen, 1973), p.104; *Transvaal Ordinances 1902* (Ordinance 28/1902).
9. TA, SNA, korrespondensielêer NA 2676/02: Native Pass Officer Pretoria — Native Commissioner Pretoria, 21.12.1902; Native Commissioner Pretoria and Heidelberg — Deputy Commissioner of Police, 17.12.1902; Native Commissioner Pretoria and Heidelberg — Secretary Native Affairs, 1.12.1902; Secretary Native Affairs — Commissioner of Police Johannesburg, 9.12.1902.



Kochstraat (tans Bosmanstraat) omstreeks 1885, naby die kruising met Kerkstraat. Van sypaadjies was daar eintlik nog nie sprake nie.

FOTO: STADSRAAD VAN PRETORIA

Milner, die goewerneur, nie doen nie. Hy het egter die beginsel wat vir gerespekteerde Indiërs gegeld het na Kleurlinge wie se voorkoms en gedrag hul teenwoordigheid op die sypaadjies geregverdig het, uitgebrei.¹⁰

Die sypaadjiebeleid was dus hoogs pragmaties van aard en het besondere eise aan die polisie se diskresie gestel want baie Swartes was Sondae goed geklee. Aanvanklik moes die polisie diegene wat op die sypaadjies drentel, waarsku, om hulle van die beleid bewus te maak. Indien waarskuwings verontagsaam word, kon vervolgings ingestel word.¹¹ Later in 1902 is besluit dat diskresie liefs in die guns van Gekleurdes moes wees en dat daar nie te opvallend na 'n "letter of exemption" gevra moet word nie. Vervolging kon alleen ingestel word nadat alle redelike pogings aangewend is om die gebruik van die sypaadjies te ontmoedig.¹² Dié vloei-bare beleid is bo formele bywette en regulasies verkies omdat dit die gerespekteerde Gekleurde element nie te na sou kom of beledig nie en omdat dit diegene wat nie op die sypaadjie welkom was nie, daarvan sou afhou.¹³ Terselfdertyd moes dit dié wat gekant was teen die teenwoordigheid van Gekleurdes op die sypaadjies tevrede stel. Die polisie het die sleutel tot die suksesvolle toepassing van die sypaadjiebeleid gehou.

ORDONNANSIE 58 VAN 1903

Milner wou hierdie beperkings nie in wetgewing vas lê nie, maar het verkies om dit deur munisipale regulasies te beheer. Hierdie gedagte is in 1902 'n stap verder gevoer toe die kommissaris vir Naturellesake, sir Godfrey Lagden, plaaslike owerhede genooi het om so 'n eenvormige

benadering in munisipale regulasies vir Gekleurdes te benut.¹⁴ Die saak sou egter eers veel later in 1903 tot uitvoering kom toe Ordonnansie 58, die *Municipal Corporations Ordinance*, voor die Wetgewende Raad gedien het.

Twee aspekte van die ordonnansie het op die sypaadjie-aangeleentheid betrekking gehad. Eerstens is die omskrywing van Gekleurdes so gewysig dat slegs persone van wie albei die ouers uit die inboorlingstamme van Afrika afkomstig was, as Swartes geklassifiseer is. Kleurlinge is dus van Swartes geskei. Tweedens het die ordonnansie die dorpsregulasies van 1899 herroep, dog terselfdertyd is mag aan plaaslike owerhede verleen om bywette te maak wat die gebruik van strate deur Swartes sou beheer.¹⁵ Dit het beteken dat Kleurlinge en Indiërs vrye gebruik van sypaadjies kon geniet.

10. TA, SNA, korrespondensielêer NA 505/03: Memorandum for Council by the Commissioner for Native Affairs (Coloured People), 20.4.1903, en ...? — ...? Leary Johannesburg, 15.5.1903.
11. TA, SNA, korrespondensielêer NA 2676/02: Officer in command of Native Police and Locations — Commissioner of Police, 11.10.1901.
12. TA, SNA, korrespondensielêer NA 46/01: Memorandum by Commissioner for Native Affairs and Asiatics on Indian Question and Asiatics, 19.3.1902; korrespondensielêer NA 505/03: Secretary Law Department — Commissioner of Police Johannesburg, 13.5.1903.
13. TA, SNA, korrespondensielêer NA 46/01: Memorandum by Commissioner for Native Affairs and Asiatics on Indian Question and Asiatics, 19.3.1902; kyk ook korrespondensielêer NA 1255/02: Memorandum by Milner, 18.3.1902, en korrespondensielêer NA 505/03: Secretary Law Department — Commissioner of Police Johannesburg, 13.5.1903.
14. TA, SNA, korrespondensielêer NA 1255/02: Memorandum by Milner, 18.3.1902; korrespondensielêer NA 46/01: Memorandum by Commissioner for Native Affairs and Asiatics on Indian Question and Asiatics, 19.3.1902.
15. *Debates in the Legislative Council during the first session, 1903*, pp.79–82; *Transvaal Ordinances 1903* (Ordinance 58/1903); CLOETE, *op. cit.*, p.217.

PRETORIA SE VERSET

Ingevolge artikels 7 en 8 van Ordonnansie 58 kon bestaande munisipaliteite onder hierdie maatreël herkonstitueer indien drie kwart van so 'n plaaslike owerheid se raadslede 'n petisie daarvoor onderteken. 'n Gekose stadsraad het in 1903 die plaaslike bestuur in Pretoria oorgeeem en op 23 Desember is so 'n petisie by die regering ingedien.¹⁶ Verwarring het hierna oor die gebruik van sypaadjies deur Gekleurdes ontstaan omdat R.K. Loveday, 'n toonaangewende stadsraadslid, van 'n konstabel sou verneem het dat die polisie opdrag ontvang het om alle optrede teen Gekleurdes op sypaadjies te staak. Die stadsraad het toe ook reeds besef dat hy onder Ordonnansie 58 aanpassings ten opsigte van Gekleurdes op die sypaadjies sou moes maak. Loveday het genoemde opdrag aan die polisie as 'n skending van die voorregte en gebruike van die Blanke inwoners geïnterpreteer en die volle steun van die stadsraad ontvang om hom daarteen te verset.¹⁷

Aangesien daar in die pers aan die geloofwaardigheid van Loveday se informant getwyfel is, het die Pretoriase burgemeester, asook die voorsitter van die komitee vir algemene sake, eers die saak met die Transvaalse prokureur-generaal bespreek voordat Loveday se voorstel op 28 Januarie 1904 verder behandel is. Die regering is toe ver-

Andriessstraat, omstreeks 1908, soos van Kerkstraat na die suide gesien. Dit lyk asof voetgangers die straat bo die sypaadjies verkies het, ook die deftige dames regs op die foto.

FOTO: STADSRAAD VAN PRETORIA

soek om die aansoek om onder Ordonnansie 58 te herkonstitueer uit te stel totdat die Pretoriase munisipale bywette regeringsgoedkeuring ontvang het. 'n Spesiale komitee sou dadelik met die voorbereiding daarvan begin.¹⁸

Die stadsraad het terselfdertyd besef dat wyer steun vir sy standpunt nodig was. Op 1 Februarie 1904 is alle Transvaalse munisipaliteite en gesondheidskomitees daarop gewys dat inskakeling onder Ordonnansie 58 beteken het dat "many of the worst classes of coloured persons such as those having the slightest drop of blood other than that of an aboriginal would not be affected or controlled..." Buitendien is die magte wat Ordonnansie 58 verleen het om die gebruik van strate deur "natives" te beheer, as onvoldoende beskou. Daar is op die steun van die ander plaaslike owerhede gereken om te voorkom dat enigeen die sypaadjies kon gebruik.¹⁹

Die munisipale bywette-komitee het in die daaropvolgende maande verkeersbywette geformuleer waarin beperkings op Gekleurdes opgeneem is, terwyl die regering die stadsraad gemaan het om tot 'n besluit te kom aangaande sy voorneme om by Ordonnansie 58 in te skakel.

16. CLOETE, *op. cit.*, p.217; TA, City Council Pretoria (CCP): Minutes of Council, 24.6.1904, p.153.

17. *Pretoria News*, 7.1.1904 en 28.5.1904; CLOETE, *op. cit.*, p.217.

18. *Pretoria News*, 8.1.1904 en 14.1.1904; TA, CCP: Minutes of Council, 14.1.1904, p.49, 21.1.1904, p.56 en 28.1.1904, p.73.

19. TA, CCP 2/12 korrespondensielêer: Coloured persons on sidewalks 1903-4, circular (Town Clerk), d.d. 1.2.1904; *Pretoria News*, 11.12.1904.



Vir die stadsraad het dit op regeringsdwang neergekom, terwyl stadsraadslede deur ondernemings aan die Blanke kiesers daartoe verbind was om hulle teen die toelating van Gekleurdes op die sypaadjies te verset. Die stadsraad se optrede was daarop gemik om sy verkeersbywette aanvaar, te kry voordat hy by Ordonnansie 58 inskakel. Sodoende sou die beperkings op Gekleurdes reeds ingestel wees en kon die gewraakte klousules in Ordonnansie 58 geen invloed in Pretoria hê nie. Dié uitweg sou tog misluk omdat die stadsraad wat toe nog ingevolge die oorlogtydse proklamasie 7 van 1902 gefunksioneer het, nie die mag besit het om kleur-diskriminerende maatreëls te formuleer nie.²⁰

Die regering was daarop bedag dat die stadsraad dié uitweg sou probeer; bowendien het die stadsraad se gesloer om oor Ordonnansie 58 te besluit ontevredenheid in regeringskringe veroorsaak. Die stadsraad het gevolglik in Mei 1904 'n maand tyd gekry om tot 'n finale beslissing te kom. Op 24 Junie het hy hom bereid verklaar om onder Ordonnansie 58 te herkonstitueer indien die klousules wat die dorpsregulasies van 1899 herroep het, nie in Pretoria van toepassing gemaak word nie. As die regering dit nie wou aanvaar nie, was die stadsraad bereid om sy aansoek om inskakeling by Ordonnansie 58 te herroep.²¹ Indien sake so ver sou vorder, was die stadsraad van voorneme om 'n private ordonnansie, geskoei op die lees van proklamasie 7 en wat aan hom soortgelyke magte as die stadsraad van Johannesburg sou gee, deur die Wetgewende Raad te loods. Die Johannesburgse munisipaliteit het ingevolge 'n private ordonnansie gefunksioneer en die dorpsregulasies van 1899 was volgens dié plaaslike owerheid nog binne sy regsgebied geldig. Die Pretoriase stadsraad het in Julie 1904 met die voorbereiding van 'n private ordonnansie begin toe dit duidelik geword het dat die regering nie sy voorbehoud oor die sypaadjies wou aanvaar nie.²²

Van die algemene steun wat die Pretoriase stadsraad van ander Transvaalse plaaslike owerhede verwag het, het nie veel tereg gekom nie. Die munisipaliteit van Boksburg het egter in Mei 1904 gekant geraak teen die gebruik van sypaadjies deur Gekleurdes en (soos Pretoria vroeër) probeer om ander Transvaalse plaaslike owerhede daarby te betrek. Boksburg wou dat alle plaaslike owerhede, soos Johannesburg, die dorpsregulasies van 1899 moes kon toepas en daarmee het Pretoria saamgestem.²³ Opposisie teen Ordonnansie 58 het dus gegroei en dit het die regering in Augustus 1904 gedwing om die maatreël so te wysig dat slegs die houers van "letters of exemption" en Gekleurdes "respectably dressed and of good behaviour", die sypaadjies kon gebruik. Laasgenoemde begrippe is egter nie omskryf nie. Ook dit het die stadsraad van Pretoria nie tevrede gestel nie omdat hy *alle* Gekleurdes van die sypaadjies wou weer.²⁴

Teen Oktober 1904 het die munisipaliteit van Potchefstroom sy standpunt teenoor Ordonnansie 58 verander en (soos Boksburg etlike maande tevore) die hulp van Pretoria ingeroep om die definisie van "native" gewysig te kry. Dié versoek het saamgeval met toenemende ergernis onder Pretoria se stadsraadslede omdat Swartes op Sondag in toenemende getalle op die sypaadjies verkeer het.²⁵ Twee stappe het hierteen gevolg. Die polisie is eerstens versoek om teen oortreders op te tree, veral teen diegene wat by verversingstalletjies byeengekom het. Tweedens het die stadsraad sy Potchefstroomse eweknie van sy samewerking verseker en die Transvaalse munisipale vereniging versoek om as verteenwoordiger van al die Transvaalse plaaslike owerhede druk op die regering uit

te oefen om die dorpsregulasies wat oor die gebruik van sypaadjies deur Gekleurdes gehandel het, dwarsdeur Transvaal toe te pas.²⁶

Albei hierdie uitweë het misluk. Die polisie het gevind dat die verversingstalletjies waar Swartes vergader het, gewoonlik op private eiendom gestaan het. Sodoende kon daar nie teen die eienaars van die stalletjies opgetree word nie. Bowendien is Gekleurdes toegelaat om die sypaadjies vir sakedoeleindes te betree. Die Transvaalse munisipale vereniging het op sy beurt die regering versoek om plaaslike owerhede te magtig om nuwe bywette te formuleer wat slegs die draers van "letters of exemption" sou magtig om die sypaadjies te gebruik; ander gerespekteerde en opgevoede Gekleurdes sou dus van hierdie voorreg verstoke wees. Die regering het dit geweier omdat die wysiging van Ordonnansie 58 in Augustus 1904 dieselfde doel voor oë gehad het en na die regering se mening goed gewerk het.²⁷

Die vroeër beoogde privaatordonnansie was die enigste uitweg wat nou vir die stadsraad oorgebly het en dit is in Junie 1905 deur burgemeester E.F. Bourke by die Wetgewende Raad ingedien. Onder leiding van die Transvaalse prokureur-generaal, sir Richard Solomon, het die regering die ordonnansie egter verwerp omdat daar reeds 'n algemene maatreël oor plaaslike bestuur (Ordonnansie 58) bestaan het en 'n private wet vir Pretoria onnodig was.²⁸ Hieroor was die stadsraad uiters verontwaardig want sy houding het gespruit uit lede se onderneming aan hul kiesers om nie 'n finale besluit oor die kleurvraagstuk te neem nie totdat 'n verteenwoordigende regering in Transvaal ingestel is. Bourke was so oorbluf oor Solomon se teenstand dat hy dié feit nie onder die Wetgewende Raad se aandag gebring het nie. Die privaatordonnansie was wesenlik 'n kompromis waardeur die stadsraad sy onderneming aan die kiesers wou nakom en terselfdertyd munisipale ontwikkeling wou laat voortgaan. Die regering het dit egter verhoed en daarom is 'n beroep op die Wetgewende Raad gedoen "to accept a motion to allow the Ordinance to be read a second time, leaving the contentious question of colour for future legislation."²⁹ Die

20. *Pretoria News*, 28.5.1904 en 25.6.1904.

21. TA, CCP: Minutes of Council, 24.6.1904, p.153; *Pretoria News*, 25.6.1904.

22. TA, CCP: Minutes of the General Purposes Committee, 15.3.1904, p.65; *Pretoria News*, 19.3.1904 en 11.7.1904; A.J. POTGIETER, *Die ontwikkeling van stedelike bestuur in Johannesburg, 1900–1910*. (MA-verhandeling, RAU, 1976), pp.28–33.

23. TA, CCP 2/12, korrespondensielêer: Coloured persons on sidewalks 1903–4; 5501/1/04: Replies "Coloured persons on sidewalks"; Minutes of Council, 27.2.1908, pp.256–258; *Pretoria News*, 14.1.1908; CCP: Minutes of the General Purposes Committee, 31.5.1904 (Annexure) en 7.5.1904. ongepagineerd.

24. *Debates of the third session of the Legislative Council of the Transvaal*, 1904, pp.294–296; *Pretoria News*, 10.8.1904; TA, CCP: Minutes of the General Purposes Committee, 17.2.1908, pp.261–262, Minutes of Council, 27.2.1908, pp.256–268; *Pretoria News*, 28.2.1908.

25. TA, CCP: Minutes of the General Purposes Committee, 10.10.1904 en 11.10.1904, beide ongepagineerd; Minutes of Council, 18.10.1904, p.197; *Pretoria News*, 21.10.1904.

26. TA, CCP: Minutes of the General Purposes Committee, 18.10.1904, pp.196–197 en 30.1.1905, p.11; Minutes of Council, 20.10.1904, p.34 en 22.12.1904, p.174; *Pretoria News*, 21.10.1904 en 3.2.1905; *De Volksstem*, 21.12.1904.

27. TA, SNA, korrespondensielêer NA 469/05: Agenda of the second meeting of the Municipal Association of the Transvaal, 1905, p.11; *Pretoria News*, 23.8.1905.

28. *Debates of the fifth session of the Legislative Council of the Transvaal*, 1905, pp.569–576; *Pretoria News*, 18.8.1905; *De Volksstem*, 16.8.1905.

29. *Pretoria News*, 21.6.1905 en 18.8.1905.



munisipale beroep was onkonstitusioneel omdat daar geen voorsiening vir so 'n aksie was nie. Die verlangde reaksie het dan ook uitgebly en die posisie is onveranderd gelaat totdat 'n eie gekose wetgewende vergadering daarmee gekonfronteer kon word.³⁰

VERDERE TEENKANTING

Van die Gekleurdes het voortgegaan om die sypaadjies te gebruik en klagtes daaroor het voortgeduur. Veroordelings het gereeld voorgekom en boetes van twee sjielings of gevangenisstraf van twee dae is gewoonlik opgelê.³¹ Na die toekenning van selfbestuur aan Transvaal (1907) het die stadsraad weer aandag aan die saak gegee. Daar is verwag dat die regering na die afstem van die privaatordonnansie die inisiatief moes neem en dit is vroeg in 1908 so aan die regering gestel. Die Botha-regering was eweneens onwillig om die bestaande beleid te verander.³² Dit is dus te betwyfel of daar iets van die verwagtinge wat die stadsraad van 'n gekose Transvaalse regering gekoester het, sou kom. Generaal J.C. Smuts, die toenmalige Transvaalse koloniale sekretaris, was terdeë bewus van die Pretoriase houding, maar kon om verskeie redes nie optree nie. Omdat die stadsraad nie volgens die voorgeskrewe prosedures soos vervat in Ordonnansie 58 (naamlik dat 'n petisie deur drie kwart van die raadslede geteken moet word) gehandel het nie, het Smuts gemeen dat hy nie die openbare mening in die dorp kon peil nie. Verder was die regering, behalwe om nuwe wetgewing by die Wetgewende Vergadering in te dien, nie by magte om hom in die munisipale sake van Pretoria in te meng nie. Buitendien wou Smuts dit

Kochstraat (tans Bosmanstraat) in die omgewing van die Rooms-katolieke kerkgebou. Niemand het dit blykbaar eers oorweeg om op die sypaadjies (?) te loop nie.

vanweë die doeltreffende funksionering van die gewysigde Ordonnansie 58, Ordonnansie 41 van 1904, en die Botha-regering se beleid nie doen nie. Hy was egter gewillig om die saak verder te bespreek.³³

Die stadsraad se verwagtings van die nuwe regering het dus beskaam. 'n Kommissie van ondersoek na munisipale sake in Pretoria het die stadsraad se sienswyse in 1909 egter volledig onderskryf en aanbeveel dat die nodige wysigings in die betrokke ordonnansies aangebring word. Aangemoedig deur hierdie steun het die stadsraad weer 'n private ordonnansie by die Wetgewende Vergadering ingedien. Dit het ook misluk want daar is ontdek dat finale goedkeuring daarvan in elk geval by die imperiale regering in Londen berus het, en daar is gevrees dat dit nie verkry sou word nie.³⁴

Net na Uniewording het ander probleme in verband met die administrasie van Swartes in Pretoria dringend

30. *Pretoria News*, 19.8.1905.

31. TA, CCP: Minutes of the General Purposes Committee, 22.7.1907, p.91; *Pretoria News*, 25.10.1907, 2.11.1907 en 13.1.1908.

32. Kyk R. HUTTENBACK, *Gandhi in South Africa: British imperialism and the Indian Question, 1860–1914*, (Ithaca en Londen, 1971), pp.187–188.

33. TA, CCP: Minutes of the General Purposes Committee, 17.2.1908, pp.261–262, Minutes of Council, 27.2.1908, pp.255–258, en *Pretoria News*, 28.2.1908.

34. CLOETE, *op. cit.*, pp.218–219.



geword en 'n kommissie van ondersoek het 'n totaal nuwe administratiewe bedeling vir die hoofstad voorgestel. Op provinsiale vlak is daar weer gewerk aan die konsolidasie van alle maatreëls in verband met plaaslike bestuur.³⁵ Hierdie twee strome het in 1911 ineengevloei in 'n Transvaalse ontwerpordnansie waarin plaaslike owerhede omvattende magte oor Gekleurdes binne hulle grense sou kry. Die dorpsregulasies van 1899 is onder meer herstel en toe dit onder die aandag van die Departement van Naturellesake kom, het die vraag opgeduik of die provinsiale owerheid wel oor die mag beskik het om maatreëls oor Gekleurdes op die wetboek te plaas. Na oorleg tussen die regering en die provinsiale owerheid is tot die slotsom gekom dat slegs die sentrale regering hierdie mag het en dié sou 'n algemene maatreël insake Gekleurdes op 'n uniale basis tref.³⁶ Dié belofte sou eers in 1923 gestand geding word.

DIE EERSTE WÊRELDOORLOG EN DAARNA

Hoewel Pretoria nie daarin kon slaag om die dorpsregulasies van 1899 saam met 'n omvattende maatreël op plaaslike bestuur binne sy regsgebied van toepassing te kry nie, was daar met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog (1914) 'n besliste verbod op die gebruik van die sypaadjies deur Gekleurdes. Die polisie moes steeds toesien dat dit gehandhaaf word. Gedurende die oorlog het die benadering ten opsigte van die Gekleurde in die algemeen begin verander. Gekleurdes self het op groter erkenning in die samelewing aangedring. Hulle het ook meer van die sypaadjie gebruik begin maak sodat klagtes

Pretoriusstraat omstreeks 1915 met die operahuis op die regterhand. Die rustige verkeer het dit prakties moontlik gemaak om in die straat te loop.

FOTO: STADSRAAD VAN PRETORIA

daarteen van 1918 af weer toegeneem het. Hulle het op Sondag die sypaadjies van veral Kerkstraat begin gebruik. Daaroor het *De Volkstem* by geleentheid verklaar: "...de wijze waarop kaffers en kaffermeiden's Zondags tekeer gaan in de Kerkstraat is eenvoudig 'n schandaal voor de stad. Vroeger bleven ze toch nog in de Prinsloostraat maar tegenwoordig neme ze gewoonweg de grootste ruimte in op de zijpaadjes van de hoofstad." Dit is aan lakse polisetoesig gewyt want wanneer die polisie by geleentheid daarteen opgetree het, het sake verander. Gevolglik wou *De Volkstem* by 'n ander geleentheid weet "waarom personen die volgens wet geen voet op zijpaden mogen zetten, er eigenlijk ooit op toegelaten worden. De straten zijn toch breed genoeg."³⁷

Baie Blankes was dus uiters ontevrede met die gedrag van hulle Gekleurde mede-dorpenaars. Hierdie gevoel

35. Tussenbewaarpark, Pretoria (TBP), Direkteur Plaaslike Bestuur (DPB), korrespondensielêer TA 1444: Report of the Pretoria Native Location Enquiry Committee, ca. Okt. 1910; J.J. HENNING, *Die "Naturellen (Stadsgebieden) Wet" no. 21 van 1923* (MA-verhandeling, PU vir CHO, 1957), p.22.

36. Sentrale Argiefbewaarpark, Pretoria (SAB), Departement Naturellesake (NTS) 374, korrespondensielêer 944/1911/F1247: Departement Naturellesake — Minister van Naturellesake, 20.5.1911; HENNING, *op. cit.*, p.21; SAB, NTS 268, korrespondensielêer 6337/12/F639: E.R. Garthorne — Secretary Native Affairs, 6.4.1914.

37. *De Volkstem*, 3.12.1918 en 20.12.1918. Kyk ook die uitgawe van 20.8.1918.

het geheers toe die regering in 1918 nog eens gepoog het om die beloofde wetgewing oor stedelike Gekleurdes op die wetboek te plaas. In hierdie wetsontwerp is daar opnuut gepoog om die dorpsregulasies van 1899 finaal te herroep. Die wetsontwerp wat die kloof tussen die regering en Pretoria se Blankes ten opsigte van Gekleurdes se regte op die dorp se sypaadjies duidelik illustreer, het egter nie verder as die ontwerp stadium gevorder nie omdat dit as die voorloper en voeler vir 'n meer omvattende wet moes dien. Druk van die kant van die Indiërs om die sypaadjies te gebruik, het teen 1919 toegeneem. Terselfdertyd het die groeiende motorverkeer die gebruik van die strate deur Gekleurdes gevaarlik begin maak en daar is besluit om nie meer teen Gekleurde vroue op die sypaadjies op te tree nie. Die stadsraad sowel as die polisie wou egter nie die bestaande regulasies hierby aanpas nie.³⁸

'n Verdere wetsontwerp op verstedelike Swartes het in 1922 die lig gesien waarvolgens onder meer die dorpsregulasies van 1899 herroep sou word. Hierteen het die stadsraad van Pretoria besware gehad, nie net omdat dié liggaam jare lank reeds 'n stryd gevoer het teen die Gekleurdes op die sypaadjies nie, maar ook as gevolg van die groeiende Blanke ontevredenheid en klagtes. Volgens *De Volkstem* het Blankes in 1923 nie meer die reg of die lus gehad om Sondae in die hoofstraat te stap nie.³⁹ Hoewel die stadsraad met alle mag aan die behoud van die dorpsregulasies probeer vasklou het, het die bestaan daarvan in die praktyk nie meer enige uitwerking gehad nie.

Kerkstraat-oois omstreeks 1925, soos van Queenstraat na die weste gesien. Die toenemende trem- en motorverkeer het dit haas onmoontlik gemaak om Gekleurde voetgangers die sypaadjies te belet.

FOTO: STADSRAAD VAN PRETORIA

Die herroeping van die dorpsregulasies was maar een van die talle besware wat die stadsraad teen die 1922-wetsontwerp wat eindelik in 1923 voor die parlement gedien het, gehad het. Geen steen is onaangeroerd gelaat om dit onder die regering se aandag te bring nie. Die regering wou egter nie die dorpsregulasies handhaaf nie en het gemeen dat klousule 23(n) van die nuwe ontwerp, waarin plaaslike owerhede die reg ontvang het om openbare plekke of gedeeltes daarvan vir die uitsluitlike gebruik van "naturellen of niet-naturellen" af te sonder, in die stadsraad se behoefte sou voorsien. Nadat die parlement die wet aanvaar het, het die stadsraad daarin berus.⁴⁰

Die mag wat klousule 23(n) verleen het om sekere gebiede spesifiek vir Blankes of Swartes af te sonder, het die soort uitweg gebied waarna die stadsraad gesoek het.

38. TBP, DPB, korrespondensielêer TA 12931: The Native (Urban Areas) Bill 1918. First draft as revised by law officers (Schedule); kyk ook Urban Areas Native Administration Bill, ongedateerde memorandum oor ontwerp, 1918; TA, CCP: Minutes of Council, Special Meeting, 9.12.1919, pp.207–208, en Minutes of the General Purposes Committee, 27.5.1921, p.213.
39. TA, CCP 3/165, korrespondensielêer: Native Urban Areas Bill, 1904–1934, notes by the Town Clerk Pretoria on Native Urban Areas Bill, ongedateer; *De Volkstem*, 7.3.1923 en 30.6.1923; Pretoria News, 10.7.1923.
40. SC 3/23, First report of the Select Committee on Native Affairs, April 1923, pp.164 en 174; TA, CCP 3/165, korrespondensielêer: Native Urban Areas Bill, 1904–1934; C.W. Giovanetti – M.G. Nicolson, 9.5.1923 (confidential), en Minutes of Council, 14.5.1923, memorandum in sake Native (Urban Areas) Bill 1923 (as amended), pp.473–478.



“Volkomen afscheiding” was volgens *De Volkstem* die enigste oplossing. Sommige Blankes wou die sypaadjies verdeel en ander wou Kerkstraat en Kerkstraat-Oos vir Swartes sluit. Vir die stadsraad was klousule 23(n) die geleentheid om die sypaadjies en die parke vir *alle* Gekleurdes te sluit en regulasies te dien effekte is opgestel. Hoewel die stadsraad binne sy regte gehandel het, was so 'n verbod polities onrealisties en die Departement van Naturellesake het gevrees dat 'n vlaag van kritiek en gebelgdheid onder die Swartes sou volg. Generaal J.B.M. Hertzog wat toe minister van Naturellesake was, het hiermee saamgestem, die Blanke se ontevredenheid met Swartes op die sypaadjies⁴¹ geïgnoreer en geweier om die stadsraad se verbod te aanvaar. Hiermee is die Pretoriase veldtog teen enige Gekleurde op sy sypaadjies beëindig.

REDES WAAROM DIE GEKLEURDES NIE DIE SYPAADJIES MOG GEBRUIK NIE

Die openbare mening

Op 26 Julie 1901 het die Britse minister van kolonies, Joseph Chamberlain, daarop gewys dat beleid in hierdie aangeleentheid deur die openbare mening bepaal moes word. Chamberlain het natuurlik die Blanke openbare mening bedoel. Pretoria se Blankes was dan ook oorweldigend ten gunste van 'n verbod — 'n houding wat uit hulle siening van die Gekleurde as mens gevloei het. Gekleurdes is oor die algemeen as minderwaardig beskou — 'n groep waarmee Blankes nie sosiaal kan of wou assosieer nie en dit het hulle teenwoordigheid op die sypaadjies ingesluit. Die opgevoede klas was selfs nog minder aanvaarbaar as die wat pas uit die krale gekom het, want juis die opgevoedes het hulle daaraan skuldig gemaak om teen Blanke vroue en kinders te stamp. Vandaar die wenslikheid van 'n algehele verbod. Dié houding was gedurende die vroeë jare twintig nog duidelik.⁴²

Die sosiaal-higiëniese motief

Die Blankes het die sypaadjies as hul eksklusiewe eiendom beskou en wou nie dat Gekleurdes hulle daarop verontrief nie. Reeds met die instelling van die verbod in 1886 het die stadsbestuur verklaar dat die “hindernis” wat Gekleurdes veral vir vroue en kinders was, hom tot die verbod beweeg het. Soortgelyke klagtes uit Johannesburg het tot 'n dergelyke verbod daár gelei.⁴⁴ Die regering het dus die Blankes se reg op beskerming erken en wou nie toelaat dat hulle ongerief ly nie. Joseph Chamberlain het byvoorbeeld toegegee dat “it would be intolerable if the comfort and convenience required by and provided for higher civilization were to be seized upon and invaded by a lower stratum who has no natural desire to do so...”, en die polisie is daarop gewys dat die verbod Blankes moes beskerm teen “unnecessary contact with coloured people...” Ook sir Godfrey Lagden het dit onderskryf en kontak met “hundreds or even thousands of natives and coolies parading the streets” as “intolerable” beskou.⁴⁵

Die aanspraak op beskerming het nie net uit Gekleurdes, veral Swartes, se gedrag gevloei nie. H.M. Taberer, Naturellekommissaris vir Pretoria en Heidelberg, het in Desember 1902 verklaar dat “for both sanitary and social reasons, natives should not be permitted on the sidewalks.” Hy het voorts verklaar dat “the native, gene-

rally speaking is not overloaded with cleanliness, he has no decent instinct to prompt him to make way for his superior, he naturally looks upon woman as an inferior being himself — woman has to make way for and walk behind men with the native — he is never tired of imagining himself good, if not better than the European ... the consequence is that men and women (Europeans) are constantly driven into the gutter in order to avoid contact or collision with the native.” Hierdie toedrag van sake het volgens Taberer in Kaapstad en Grahamstad geheers en moes ten alle koste in Transvaal vermy word. Blanke Pretorianers het Taberer se sienswyse onderskryf.⁴⁶

Sommige Swartes se gedrag het dié standpunt beslis geregverdig. Hulle het die strate dikwels geblokkeer en opstootjies en gevegte het voorgekom, terwyl dronkenskap en vuil taal die lewe vir ander padgebruikers versuur het. Hierdie toedrag van sake het jare lank voortgeduur en Kerkstraat is in 1923 as “'n wemelende swart-bond kaffernes” beskryf wat Sondae deur “mannelike en vrouelike impis” ingeneem is. Buitendien het hulle dié grootste deel van die sypaadjie vir hulself toegeëien en “als er geen manspersoon bij zijn om hen uit te weg te kommandeeren, laten ze dames voor hen uitdraaien.”⁴⁷

Die politieke motief

Die teenstanders van Gekleurdes op sypaadjies het ook 'n politieke motief gehad. Hulle het die Transvaal as “White man's country” beskou en wou toesien dat die gees van die bepaling van die Vrede van Vereeniging aangaande die politieke regte van Gekleurdes stiptelik nagekom word. Dit het beteken dat die *status quo* ten opsigte van Gekleurdes gehandhaaf moes word totdat die Transvaal selfbestuur ontvang het. Selfs die toelating van opgevoede en ontwikkelde Gekleurdes op die sypaadjies sou, volgens hulle, die gees van Vereeniging skend. Dit was die dun end van die wig en volgens Loveday 'n

41. *De Volkstem*, 3.3.1923; TBP, NTS, korrespondensielêër 87/313(1); Departementele memorandum — Minister van Naturellesake, 23.4.1925 en S.B. Cowley — District Commandant S.A.P. (Pretoria), 21.10.1925.

42. TA, SNA, korrespondensielêër NA 46/01: Memorandum for His Excellency the High Commissioner (Despatch No. 177 of 26.7.1901 from the Secretary of State); *Pretoria News*, 7.1.1904, 11.1.1904, 12.1.1904 en 13.9.1904; TA, SNA, korrespondensielêër NA 2676/02: Officer in command of Native Police and Locations — Commissioner of Police, 11.10.1901; *De Volkstem* 31.12.1918, 7.3.1923 en 30.6.1923.

43. TA, SNA, korrespondensielêër NA 2868/06: Secretary Native Affairs — Secretary African National Political Union, 3.11.1906, en Secretary African National Political Union — Commissioner for Native Affairs, 6.12.1906.

44. CLOETE, *op. cit.*, p.26; J.J. FOURIE, *Die koms van die Bantoe na die Rand en hulle posisie aldaar, 1886—1899* (MA-verhandeling, RAU, 1972), pp.179—180.

45. TA, SNA, korrespondensielêër NA 46/01: Memorandum for His Excellency the High Commissioner (Despatch No. 177 of 26.7.1901 from the Secretary of State); korrespondensielêër NA 1255/02: Memorandum by Milner, 18.3.1902; korrespondensielêër NA 2676/02: Officer in command of Native Police and Locations — Commissioner of Police, 11.10.1901; korrespondensielêër, NA 46/01: Memorandum by Commissioner for Native Affairs and Asiatics on Indian Question and Asiatics, 19.3.1902.

46. TA, SNA, korrespondensielêër NA 2676/02: Native Commissioner Pretoria and Heidelberg — Secretary Native Affairs, 1.12.1902; *Pretoria News*, 11.1.1904, 12.1.1904 en 15.1.1904.

47. *Pretoria News*, 18.2.1904, 29.3.1904; *De Volkstem*, 7.3.1923, 30.6.1923 en 3.12.1918.

“distinct abuse of the old rights and privileges which white people had always held in Pretoria...” Hy het verder geglo dat die regering Ordonnansie 58 deurgeforseer het en dat dit uiteindelik sou lei tot die toestaan van die stemreg aan Gekleurdes — iets wat ten alle koste voorkom moes word.⁴⁸

Die stadsraad van Pretoria het Loveday se standpunt onderskryf en op 1 Februarie 1904 die ander Transvaalse plaaslike owerhede daarop gewys dat “the Transvaal has always clearly demonstrated by laws and customs and it is also the opinion of the vast majority of the people resident here that there can be no equality between the white and the coloured races in this country but there is now a danger of this distinction being broken down before the advent of Responsible Government.”⁴⁹

Vanweë dié munisipale houding het die aangeleentheid met die stadsraadsverkiezing van 1904 dikwels op verkiesingsvergaderings ter sprake gekom. Soos die vorige jaar het kandidate beloof om Gekleurdes van die sypaadjies af te hou en dit is van die kiesers verwag om hulle wense in dié verband aan die kandidate en sittende lede oor te dra. Vir toonaangewende raadslede soos E.F. Bourke en J.G. van Boeschoten was die sypaadjie-aangeleentheid van nasionale en nie van plaaslike belang nie en die Wetgewende Raad kon nie die Blankes se voorregte na willekeur wegneem nie. Dit was ’n blote bevoorregting van Gekleurdes. Afrikaners moes, volgens raadslid C.M. de Vries, hul eersgeboortereg ten alle koste behou en dit kon alleen geskied as daar jaloers oor bestaande voorregte gewaak word.⁵⁰

Die houding het wye steun onder die kieserspubliek geniet. In September 1904 het ’n groep Blankes, oorwegend Engelssprekend, ’n waaksaamheidskomitee gestig. Hulle het van vergadering tot vergadering gegaan en wou van alle aspirant-kandidate ondubbelsinnig weet waar hulle ten opsigte van Gekleurdes op die sypaadjies staan. Hierdeur wou die vereniging uitdrukking gee aan sy oortuiging dat Transvaal Witmansland was en dat Gekleurdes dus ’n ondergeskikte rol moes speel, en steun aan die stadsraad gee om te voorkom dat groter vryheid aan Gekleurdes toegestaan word.⁵¹ Vanweë hierdie sterk gevoel onder kiesers kon geen aspirant-kandidaat dit bekostig om ’n ander standpunt in te neem nie. Een van die nie-sittende aspirante het onomwonde verklaar dat “there was no room for the natives on the sidewalks and he would not grant them the permission to walk there at any price. The line between the black and the white races must be clearly marked.” Dieselfde houding het jeens die Kleurlinge gegeld want “there was greater danger from this class than from the raw kafirs, for they frequently inherited the worst characteristics of both parents.”⁵²

Hierdie uitsprake en die bereidwilligheid om ten alle koste weerstand te bied, was ook ’n reaksie op twee maatreëls wat die regering gedurende 1903 op die wetboek wou plaas. Daar is onder meer gepoog om munisipale stemreg uit te brei na Gekleurdes wat ’n bepaalde, maar nie-aangeduide, onderwyspeil bereik het. Die nie-amptelike lede van die Wetgewende Raad het dit teengestaan, maar die voorstel is met die amptelike meerderheid aanvaar. As gevolg van die nie-amptelike opposisie het die regering die voorstel teruggetrek. Die ander voorstel was die wysiging van die definisie van “native” waardeur die Kleurlinge van die groep losgemaak is. Slegs Loveday het hom hierteen verset en dit het wet geword.⁵³ Die uitwerking hiervan het die Blankes van Pretoria onrustig gestem en daar het ’n mate van wantroue jeens die regering ontstaan.

ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN DIE GEBRUIK VAN SYPAADJIES DEUR GEKLEURDES

Die argumente ten gunste van die gebruik van die sypaadjies deur Gekleurdes was uiters ongewild. Die ondersteuners daarvan was egter oortuig dat hulle gesigspunt uiteindelik sou seëvier. Die teenstanders het geredeneer dat Transvaal ’n Witmansland was; die voorstanders, daarenteen, was van opvatting dat die land ook die Swartman se tuiste was en dat niks hom in ’n ondergeskikte posisie sou hou nie. Daarom was dit praktiese politiek om so gou moontlik daarvoor voorsiening te maak.⁵⁴

Die opgevoede en gerespekteerde Gekleurde

Die verwysings na Chamberlain, Milner en Lagden se standpunte oor die handhawing van beskawingsverskille tussen Blank en Gekleurd het nie beteken dat hulle die standpunte van mense soos Loveday, De Vries en Van Boeschoten gedeel het nie. Die militêre owerheid het trouens reeds in 1901 vooraanstaande Indiërs op die sypaadjies toegelaat en Chamberlain het op 26 Julie daardie jaar verklaar dat “it would be equally unreasonable to deny to members of any colours (*sic*) races the advantages which they may have earned or earn by education and conduct worthy of respect and recognition.” Ook H.M. Taberer het die regering in Desember 1902 aangeraai om Swartes net in “very exceptional cases” op die sypaadjies toe te laat.⁵⁵

Toegewings aan hierdie Gekleurdes was die ver naamste redenasie in dié verband en die *Pretoria News* was die belangrikste propageerder van hierdie gesigspunt. Onmiddellik nadat Loveday met sy veldtog teen alle Gekleurdes op sypaadjies begin het, het die blad verklaar dat “less respectable” Gekleurdes daarvan moes afbly, “not because they are black but because they are uncivilized and ill-behaved.” Ware beskaafdheid was die enigste maatstaf en diegene wat die sypaadjies kon gebruik, moes beseft dat dit ’n voorreg was wat teruggetrek kon word indien dit misbruik word. Gekleurdes wat op die voorreg kon aanspraak maak, was min en daarom kon hulle regverdige behandeling verwag. Dit het volgens die blad ook die vrees vir gelykstelling ongegrond gemaak omdat sosiale status “a thing utterly and entirely apart from civil and political rights” was. Ook was die bereiking van die vereiste beskawingsvlak deur Gekleurdes ’n langsame proses en beleid kon in die toekoms weer gewysig word. Daar was in elk geval onder die Blankes diegene wat hulle swakker gedra het as die opgevoede Gekleurdes

48. *Pretoria News*, 7.1.1904, 1.6.1904, 6.6.1904, 1.10.1904, 19.10.1904 en 22.10.1904.
49. TA, CCP 2/12, korrespondensielêer: Coloured persons on sidewalks 1903—4 circular (Town Clerk) d.d. 1.2.1904; *Pretoria News*, 11.2.1904.
50. *Pretoria News*, 7.1.1904, 15.1.1904, 6.9.1904, 10.9.1904, 13.9.1904 en 21.9.1904.
51. *Pretoria News*, 7.9.1904 en 22.10.1904.
52. *Pretoria News*, 14.9.1904.
53. *Debates of the Legislative Council during the first session, 1903*, pp.24—26, 32—39, 47 en 79—82.
54. *Pretoria News*, 16.1.1904, 6.9.1904, 21.9.1904 en 10.10.1904.
55. TA, SNA, korrespondensielêer NA 46/01: Memorandum for His Excellency the High Commissioner (Despatch No. 177 of 26.7.1901 from the Secretary of State); korrespondensielêer NA 2676/02: Native Commissioner Pretoria and Heidelberg — Secretary Native Affairs, 1.12.1902.

en hulle is op die sypaadjies toegelaat.⁵⁶ Diskriminasie van die aard was vir hierdie groep onhoudbaar en moes uitgeskakel word.

Die verantwoordelikhede van die Britse Ryk

Nou verbonde aan die erkenning wat opgevoedes en gerespekteerdes met reg kon geniet, was die reenasie dat die Britse Ryk sy verantwoordelikhede deeglik besef het en dat daar erkenning van Rhodes se uitgangspunt van gelyke regte vir alle beskaafdes besuide die Zambesi moes wees. Dit moes in gedagte gehou word dat die "Empire has its burdens as well as its glories; that the British Empire in particular, like the great American Republic, knows no differences of creed, of colour, or caste, and that a narrow colour hatred is among the many things which ... the British came here to do away with." Die beginsel was so sterk dat Loveday en sy volgelinge hulle aan niks anders as obstruksie skuldig gemaak het nie omdat die regering Loveday nie wou gelyk gee oor die nuwe definisie van "native" nie. Die *Pretoria News* het Loveday daaraan herinner dat die geregtigheid waarvoor die Britse Ryk gestaan het, vreesloos uitgevoer moes word anders was die oorlog wat ter wille van genoemde beginsels geveg is, sonder betekenis en moes Transvaal aan die Boere teruggegee word.⁵⁷

Verskeie Engelse sendelinge was eweneens sterk ondersteuners van die beginsel dat ontwikkelde Gekleurdes op sypaadjies kon loop. Gekleurdes kon nie gebind word bloot omdat hulle gekleur was nie want dit het met die wese van die sendingaksie en die sekulêre onderwys gebots. Sending en onderwys skep "legitimate Christian aspirations" by Gekleurdes en dit was totale skynheiligheid en onchristelikheid om hulle die sypaadjies te belet. Dit het verder nie in "Britain's policy of fairness and even generosity to all her subjects" gepas nie. Daarom kon beskaafde Gekleurdes die voorreg geniet onder die duidelike verstandhouding dat dit van sindelikhede en goeie gedrag afhanklik is. Hierdie bevoorregte Gekleurdes moes volgens die sendelinge 'n metaalkenteken dra om hulle van die ander te onderskei.⁵⁸

Die onuitvoerbaarheid van die dorpsregulasies

Twee argumente het ten grondslag van hierdie reenasie gelê. In die eerste plek was die algehele verbod wat die dorpsregulasies geïmpliseer het, onuitvoerbaar volgens die Transvaalse prokureur-generaal, sir Richard Solomon, omdat die polisie kon inmeng met Gekleurdes wat in die uitvoering van hulle pligte die sypaadjies betree het. Hierdie sienswyse het die steun van sommige lede van die Wetgewende Raad gehad. Ten einde die probleem te oorbrug, het die polisie so vroeg as Oktober 1901 opdrag ontvang om nie teen Gekleurdes wat in die uitvoering van hul pligte op sypaadjies geloop het, op te tree nie. Deur die dorpsregulasies te behou, sou 'n onpraktiese en onuitvoerbare maatreël herstel word.

Voorts het die teenstanders van segregasie op die sypaadjies aangevoer dat die munisipaliteit en die koloniale regering nie oor die mag beskik het om die verbod weer in te voer nie omdat die wense van die imperiale regering finaal gegeld het. Buitendien was die toepassing van die verbod in die hande van die polisie en hulle het volgens die voorstanders hiervan in die gees van Ordonnansie 58 gehandel.⁵⁹ Die herstel van die dorpsregulasies sou gevolglik nie die verlangde uitwerking hê nie.

Die benadeling van munisipale ontwikkeling in Pretoria

Die stadsraad se houding het volgens 'n studie oor die munisipale ontwikkeling van Pretoria daartoe gelei dat die stadsraad se "bevoegdheids aansienlik beperk is en dat hy dus nie na wense met sy werksaamhede kon vorder nie." Munisipale aangeleenthede is tot 1912 volgens 'n tydelike oorlogsmaatreël gereël en die groter magte wat Ordonnansie 58 gebied het, is ontbeer. Daardeur het Pretoria £3 000 jaarliks aan erfbelasting verbeur, kon fondse vir 'n brandweer nie wettig toegesê word nie en die belastingbetalers kon geld wat daarvoor bestem was, terugeis; voorts kon die tremdiensregulasies nie goedgekeur word nie, die dorpsgrond nie ingelyf word nie, munisipale leningsbevoegdheids is beperk, die ontwikkeling van elektriese beligting, dreinerings en waterskemas is vertraag en paaië kon nie gemaak word nie. Boonop is daar gevrees dat dié houding op konfrontasie met die regering kon uitloop.⁶⁰

Toe die regering Ordonnansie 58 in Augustus 1904 in ooreenstemming met die wense van baie Blankes gebring het, het die *Pretoria News* 'n beroep op die stadsraad gedoen om onder die nuwe bedeling in te skakel en te voorkom dat daar 'n algehele verlamming van munisipale groei intree. Ook E.F. Bourke wat nie prinsipiëel teen Ordonnansie 58 was nie, het na hierdie wysiging 'n beroep op mederaadslede gedoen om dit te aanvaar want "the Council had a large amount of work to do, and the point to his mind was the insuperable difficulty of carrying out that work unless they acquired fuller powers, and at an early date borrowed money to carry on the work ... the Council could not carry out the necessary works unless they came under the law." Bourke se voorstel is egter verworpen omdat die ander raadslede gereken het dat dit 'n klein opoffering ter wille van groter beginsels was.⁶¹

DIE STANDPUNT VAN DIE GEKLEURDES

Soos reeds aangedui, het opgevoede Indiërs eerste beswaar teen die sypaadjieverbod gemaak en daarin geslaag om dit gedeeltelik ophef te kry. Hierdie beperkte sukses is opgevolg met navrae van en aansprake deur Kleurlinge. Sommige het gereken dat die *Coloured Person's Relief Ordinance* van 1902 die vrye gebruik van die sypaadjies toegestaan het en hulle was teleurgesteld toe dit geblyk het nie die geval te wees nie.⁶² Swartes het eers in 1904, toe Loveday sy veldtog teen alle Gekleurdes op die sypaadjie geloods het, daarteen beswaar gemaak. 'n Treffende kenmerk van die Gekleurdes se kritiek was die ooreenkoms wat dit gehad het met dié van die Blankes wat ten gunste daarvan was dat op die sypaadjies gerespekteerde Gekleurdes toegelaat word.

56. *Pretoria News*, 8.1.1904, 15.1.1904, 10.8.1904, 6.9.1904 en 23.8.1905.

57. *Pretoria News*, 8.1.1904 en 25.6.1904.

58. *Pretoria News*, 19.8.1905.

59. *Pretoria News*, 8.1.1904, 9.6.1904, 25.6.1904, 10.8.1904, 11.8.1904, 10.10.1904 en 10.8.1905.

60. CLOETE, *op. cit.*, p.227; *Pretoria News*, 9.6.1904 en 25.6.1904.

61. *Pretoria News*, 11.8.1904, 10.9.1904 en 10.10.1904.

62. TA, SNA, korrespondensielêer NA 2676/02: Secretary Native Affairs — Native Commissioner Pretoria, 9.12.1902.

Verwagtinge van die Britse Ryk

Die Britse regering het in die tydperk voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog ook Indiër- en Kleurlingriewe teen die Zuid-Afrikaansche Republiek ondersteun wat op sigself bepaalde verwagtinge by sommige Gekleurdes gewek het. Daar is gevolglik geredeneer dat dié Britse oornam van Transvaal 'n nuwe bedeling beteken het; dit was dus vir die Swartes ondenkbaar dat 'n verordening van die Pretoriase stadsvaders, "based purely on 'colour'" in 'n Britse kolonie aanvaar kon word. Gekleurdes het meer verwag van dieselfde Blankes wat om groter regte in die voormalige republiek gestry het, want nou, nadat hulle dit gekry het, ontsê hulle dit aan ander, bloot omdat dié mense 'n ander velkleur het.⁶³

Terwyl baie Blanke voorstanders van die beperking dit as noodsaaklike klassewetgewing gesien het, het Kleurlinge in 1905 verklaar dat dit deel gevorm het van groeiende klassewetgewing teen hulle. Buitendien kon die Kleurlinge nie insien waarom vooraanstaande Indiërs die sypaadjies kon gebruik en hulle nie. 'n Mate van jaloesie is sodoende tussen die twee groepe gestimuleer. Die "British Indian Community" het na die Eerste Wêreldoorlog dit as "a matter of principle" beskou dat die sypaadjieverbod nie op hulle toegepas moes word nie.⁶⁴

'n Doelbewuste weerhouding van "beskawing"

'n Swarte het in 1904 gekla dat die stadsraad doelbewus gepoog het om Swartes te onderdruk en te voorkom dat hulle "(receive) civilisation (*sic*) at its outset." Loveday is daaraan herinner dat sy voorvaders in die tyd toe Julius Caesar Brittanje vir die Romeinse Ryk verower het op dieselfde beskawingspeil as die Transvaalse Swartmense in 1904 was. Swartes wat die geleentheid gekry het, het toe alreeds bewys dat hulle die Blankes se gelykes was terwyl diegene van hulle wat die sypaadjies wou gebruik nie "savages" was nie omdat hulle hulleself gewas het, Europese klere gedra het en in Europese huise gewoon het. Loveday veral moes hierdie feit erken en leer om te besef dat beskawingsverskille fyner geartikuleerd was as die kleur van 'n mens se vel.⁶⁵

'n Onuitvoerbare verbod

Soos die Blanke teenstanders van die verbod het Gekleurdes ook op die onuitvoerbaarheid daarvan gewys en gevrees dat die diskresie wat aan die polisie en plaaslike owerhede oorgelaat is, tot ongerief en probleme vir Blank en Gekleurd sou lei want "no native under any circumstances (is) to touch the walks, and no employer will have to send any native to the post office for letters, stamps or anything. If this is to be the position of affairs, surely ... not only natives will be inconvenienced but employers as well." Volgens dié Swartes sou werkgewers hul werknemers telkens by die aanklagtekantoor moes gaan haal. Dieselfde probleem het ook bestaan ten opsigte van Gekleurdes wat inkopies doen. Die *African Political Organization* het byvoorbeeld in 1906 gekla dat "no matter how respectably we are dressed or behave, as soon as we walk on the sidewalk a policeman comes along and tells you 'get out of this'. Some are so insolent, they even want to debar a coloured man from crossing the pavement ... to purchase the necessaries of life."

Om winkelvensters te besigtig was ook buite die kwesie. Die toepassing van die regulasies deur die polisie was dus hoog op die Gekleurdes se lys van besware en 'n Swar-

te het in 1904 beweer dat die polisie met 'n gebrek aan "common sense" te werk gaan.

Om hulle teen veroordeling te beskerm, het baie Gekleurdes wat vervolgd is omdat hulle die sypaadjies wederregtelik betree het, die verskoning dat hulle die winkels besoek het, aangevoer. Omseiling van die regulasies het soms oorgegaan in openlike uittarting daarvan.⁶⁶

'n Dubbele standaard en diskriminasie

Die meeste Blankes wou nie met Gekleurdes van enige klas op die sypaadjies meng nie. Aan die anderkant was dieselfde Gekleurdes welkom as arbeiders en huisbediendes. Dit kon die Kleurlinge nie begryp nie en die *African Political Union* het in September 1906 aan sir Godfrey Lagden gevra of die sypaadjies dan beter was as hulle Blanke werkgewers se "carriages where you often find a native boy sitting alongside the Mistress and driving the cart? Or is't better than food which our Masters and Mistresses often eat, when washed by the hands of that very nigger? Or what is on the pavement, Sir?" Hierdie vrae het Lagden kennelik in 'n hoek gedryf en hy het die Kleurlinge daarop gewys dat die sypaadjies deur die Blankes vir hulle eie gebruik gemaak was en dat "(it) would not be a good thing to allow the ... pavements ... to be invaded by a great number of Natives."⁶⁷

Vir die *Transvaal Native Congress* het die sypaadjieverbod bloot op diskriminasie teen Swartes neergekom. Swartes was die enigste bevolkingsgroep wat saam met die perde, motors, kebs en fietse die straat moes gebruik.⁶⁸ Dit was juis die koms van die motor, meer as enige iets anders wat uiteindelik tot die finale opheffing van die verbod in 1925 gelei het.

SLOTSOM

'n Verskil oor die plek van die ontwikkelde Gekleurde in die samelewing het hierdie verbod ten grondslag gelê omdat die regering se bereidwilligheid om hulle op die sypaadjies toe te laat tot 'n gevoel van wantroue in die regering se motiewe by baie Pretoriase Blankes gelei het. Afgesien daarvan het die Blanke voorstanders van ontwikkelde Gekleurdes op die sypaadjies beslis geweier om Gekleurdes wat nie aan dié norm voldoen het nie, op die sypaadjie toe te laat omdat dit die gerief van die Blanke aangetas het. Nadat Transvaal selfregering ontvang het en die wantroue in die motiewe van die Britse regering onjuis bewys is, was die gerieflikheidsnorm die deurslaggewende maatstaf. 'n Praktiese oorweging — die koms van die motor — en die groeiende politieke bewussyn onder verstedelike Gekleurdes na die Eerste Wêreldoorlog het tot die finale opheffing van die verbod gelei.

63. *Pretoria News*, 14.1.1904.

64. *Pretoria News*, 12 en 13.1.1904; TA, SNA, korrespondensielêer NA 771/05: Petition of Natives against Responsible Government in Transvaal, 1905 (by Enclosure 3 in Despatch Transvaal No. 264 of 17.4.1905); *Pretoria News*, 2.2.1906; TA, CCP: Minutes of Council, Special Meeting, 9.12.1919, p.208.

65. *Pretoria News*, 14.1.1904.

66. *Pretoria News*, 24.10.1904, 2.2.1906 en 13.3.1906; *De Volkstem*, 4.2.1919 en 30.6.1923; TA, SNA, korrespondensielêer NA 2868/06: Secretary Native Affairs — African National Political Union, 3.11.1906.

67. TA, SNA, korrespondensielêer NA 2868/06: African National Political Union — Commissioner for Native Affairs, 8.9.1906, en Secretary Native Affairs — African National Political Union, 3.11.1906.

68. *Pretoria News*, 2.5.1922.